Inligting oor die behandeling met teenretrovirale middels vir versorgers van kinders wat behandeling ontvang

'n Gids vir beraders



Desireé Michaels
James Nuttall

Inligting oor die behandeling met teenretrovirale middels vir versorgers van kinders wat behandeling ontvang

’n Gids vir beraders

’n Gemeenskaplike projek van die
Rooi Kruis-oorlogsgedenkhospitaal vir kinders,
die Universiteit van Kaapstad en Wola Nani.

Desireé Michaels
James Nuttall

Erkennings:

Vir kommentaar oor hierdie weergawe:
Dr Marco Zampoli
Dr Carol Cowburn
Ms Shenaaz Raiman (Apteker)
Dr Simone Honikman

Vir insette tydens die proses om sleuteltemas vir hierdie gids te identifiseer, vir die loodsondersoek en vir die implementering daarvan:

Wola Nani-span:

Bestuurder:
Frank Maposa

Raadslede:
Nomandla Odogwu
Ntombinani Sokupe
Sizeka Baleni
Ayanda Matrose
Zanele Ndimlana
Victoria Mhlakaza

Afrikaanse vertaling:
Afrikaanse vertaling is voorberei deur die Taaleenheid van die Direktoraat Kommunikasie van die provinsiale Departement van Gesondheid in Kaapstad

Steun met befondsing:
Dr. Brian Eley (Hoof van die Eenheid vir Infektiewe Siektes, Rooi Kruis-kinderhospitaal)
Me. Moira Jones (Direkteur van Wola Nani)

Die outeurs:

Desireé Michaels is 'n senior navorser en doktorale student by die Departement van Openbare en Gesinsgesondheid aan die Universiteit van Kaapstad.

James Nuttall is 'n pediater en konsultant by die Eenheid vir Infektiewe Siektes by die Rooi Kruis-oorlogsgedenkhospitaal vir kinders.

Hierdie pamflet word gepubliseer onder die beskerming van die Rooi Kruis Oorlogsgedenkhospitaal vir kinders, die Universiteit van Kaapstad en Wola Nani.

© Eenheid vir Infektiewe Siektes en Wola Nani.

Eerste publikasie 2006. Hersiene publikasie 2008.

"Die befondsing van hierdie gids vanaf die United States Agency for International Development (USAID) en PEPFAR deurmiddel van die PHRU. Die inhoud van hierdie publikasie is slegs dié van die outeurs en is nie noodwendig die sienswyse van die USAID of die regering van die Verenigde State van Amerika."

Omslagfoto: www.aidchild.org
Drukontwerp: muhdni@telkomsa.net

Contents: English

Introduction 4

Counselling Session 1 5

Introduction to the Health Care Team and their relationship with the client 6

Caregiver & household details 7

General HIV & AIDS knowledge and understanding 9

Counselling Checklist 1 14

Counselling Session 2 16

Adherence to treatment 18

Counselling Checklist 2 22

Counselling Session 3 24

Counselling Checklist 3 28

Counselling Guidelines on Medication 30

Inhoud: Afrikaans

Inleiding 4

Beradingsessie 1 5

Bekendstelling van die gesondheid-sorgspan en hul verhouding met die kliënt 6

Besonderhede van die versorger en sy/haar huishouding 7

Algemene kennis en begrip van MIV en vigs 9

Beradingskontrolelys 1 15

Beradingsessie 2 16

Nakoming van behandeling 18

Beradingskontrolelys 2 23

Beradingsessie 3 24

Beradingskontrolelys 3 29

Beradingsriglyne oor medikasie 30

Introduction

Counsellors play a very important role in helping prepare caregivers and families whose children are starting antiretroviral treatment (ARV).

These guidelines have been developed to assist counsellors in this process.

The counsellor's role is to gain the trust of the caregiver, provide information on HIV & AIDS and treatment in children, assess whether the caregiver is likely to be responsible in giving the child treatment, and to build up the confidence of the caregiver in her/his ability to look after and treat the child.

Treatment-readiness counselling includes the practical demonstration of how to prepare and administer the specific antiretroviral medications selected for a particular child. This gives the caregiver an opportunity to practise preparing the medications with the assistance of the counsellor and to discuss any difficulties with this process.

Inleiding

Beraders speel 'n baie belangrike rol om versorgers en ouers van kinders wie se behandeling met teenretrovirale (TRV) middels begin, op die gepaardgaande omstandighede voor te berei.

Die riglyne in hierdie pamflet is ontwerp om beraders met hierdie proses te help.

Die rol van die berader is om die vertroue van die versorger te wen, om inligting oor MIV/vigs – en die behandeling daarvan by kinders – te voorsien, om te bepaal of die versorger verantwoordelik genoeg is om die kind se behandeling aan hom/haar toe te vertrou, en om die versorger se vertroue in sy/haar vermoë om na die kind en sy/haar behandeling om te sien, te versterk.

Behandelingsvoorbereidende berading sluit 'n praktiese demonstrasie van die voorbereiding en toediening van die spesifieke teenretrovirale medikasie wat vir 'n spesifieke kind gekies is, in. Dit bied aan die versorger die geleentheid om die voorbereiding van die medikasie met die hulp van 'n berader te oefen en om enige probleme wat daarmee ondervind word, te bespreek.

Counselling session 1

Objectives

In this session the counsellor should aim to establish a friendly and supportive relationship with the caregiver and child. There are three main objectives:

a) To familiarise the caregiver and child with the health care team and their various functions

b) To familiarise herself with the family structure and routine

c) To provide the caregiver with a basic understanding about HIV & AIDS in children including the tests that are used in diagnosis and treatment

d) To find out about the caregiver's feelings and attitudes to antiretroviral treatment for children.

Beradingsessie 1

Doelwitte

Tydens hierdie sessie moet die berader poog om 'n vriendelike en ondersteunende verhouding met die versorger en die kind op te bou. Daar is drie hoofdoelwitte:

a) Om die versorger en kind bekend te stel aan die gesondheidsorgspan en hul verskillende funksies

b) Om hom-/haarself te vergewis van die gesin se struktuur en roetine

c) Om die versorger toe te rus met 'n basiese begrip van MIV/vigs by kinders met inbegrip van die toetse wat uitgevoer word tydens diagnose en behandeling

d) Om die versorger se gevoel en houding jeens teenretrovirale behandeling vir kinders te bepaal.

Introduction to the Health Care Team and their relationship with the client

- The clerk will receive your folder and prepare it for the nurse/doctor. The clerk may help with giving your next appointment.
- A nurse will record the child's weight and height and do blood tests on the child if necessary.
- A counsellor will prepare you for giving ARVs to the child, give support, offer advice.
- A doctor/nurse will examine and treat the child for any problems, prescribe the ARV medicines and change them if necessary.
- A pharmacist will give the ARVs and explain how to take them. The pharmacist will also ask you to return all your unused medicine to ensure that the child is being given the correct doses. If you have any questions about the medicines you must always feel free to ask the pharmacist.
- A dietician will give advice about a healthy eating plan for your child and also prescribe supplements if the child needs it.

Bekendstelling van die gesondheidsorgspan en hul verhouding met die kliënt

- 'n Klerk sal jou lêer in ontvangs neem en dit vir die verpleegkundige/dokter voorberei. Die klerk kan jou help om jou volgende afspraak te maak.
- 'n Verpleegkundige sal die kind se gewig en lengte aanteken en bloedtoetse uitvoer indien nodig.
- 'n Berader sal jou voorberei om TRV-middels aan die kind toe te dien en hy/sy sal jou ondersteun en met raad bedien.
- 'n Dokter sal die kind ondersoek en vir enige probleme behandel, TRV-middels voorskryf en die voorskrif wysig indien nodig.
- 'n Apteker sal die TRV-middels resepteer en verduidelik hoe dit geneem moet word. Die apteker mag jou ook vra om alle ongebruikte medisyne terug te besorg ten einde te verseker dat die kind die korrekte dosisse ontvang. Indien jy enige vrae oor die medikasie het, neem die vrymoedigheid om die apteker daaroor uit te vra.
- 'n Dieetkundige kan vir jou raad gee oor 'n gesondevoedingsplan vir die kind en kan ook aanvullings voorskryf indien die kind dit benodig.

Caregiver & household details

1. Who is the person who looks after the child every day (primary caregiver)?
   E.g.: mother, father, grandmother, aunt, foster parent, other person. If the caregiver is not the mother or father, find out why the child is not being cared for by the parents. If the child is having contact with the parents, find out more about this.

2. Find out the age of the child.
   This will guide you as to whether the child is likely to be completely dependent on the caregiver for taking medication correctly; whether the child can be taught to start swallowing pills; and what the child may understand about illness and medicines.

3. Find out who looks after the child during the day.
   Is it the primary caregiver or someone else? Does the child go to crèche or school? Does the child live with someone else during the week and go home on weekends?

4. Find out who the caregiver will consider as a 'treatment assistant' to help her ensure that the child has the medication and takes it – especially in times when the primary caregiver may not be available (eg. hospitalized). Encourage the caregiver to disclosure to at least one other potential secondary caregiver to ensure that the child always has access to ARVs once the child has started treatment.

Besonderhede van die versorger en sy/haar huishouding

1. Vind uit wie die primêre versorger is, m.a.w. wie elke dag na die kind omsien.
   Bv. 'n moeder, vader, ouma, tante, pleegouer of 'n ander persoon. Indien die vader of moeder nie as versorger optree nie, vind uit waarom die kind nie deur sy/haar ouers versorg word nie. Indien die kind kontak met sy/haar ouers het, probeer om meer hieroor uit te vind.

2. Vind uit hoe oud die kind is.
   Ouderdom gee 'n aanduiding van die relatiewe afhanklikheid van die kind van die versorger om sy/haar medikasie korrek te neem; dit wys ook of die kind geleer kan word om die kapsules in te sluk en wat die kind van die siekte en die medikasie kan verstaan.

3. Vind uit wie bedags na die kind omsien.
   Kyk die primêre versorger na die kind of iemand anders? Woon die kind 'n crèche of skool by? Woon die kind by iemand anders gedurende die week en gaan hy/sy slegs naweke huis toe?

4. Vind uit wie deur die versorger as "behandelingsassistent", 'n persoon wat hom/haar sal help om te verseker dat die kind sy/haar medisyne het en dit neem, oorweeg sal word. – Die "behandelingsassistent" staan in wanneer die primêre versorger nie beskikbaar is nie (bv. in geval van hospitalisasie). Moedig die versorger aan om ten minste een ander sekondêre versorger te benoem ten einde te verseker dat die kind altyd toegang tot TRV-middels het nadat behandeling begin het.

5. Find out what the household routine is during the week.

   What time does the child wake up and have breakfast? Who sees to this? What is the evening routine – supper, bedtime etc?

6. Find out what the caregiver thinks about the child starting ARVs.

   - what does she/he believe about the child's illness?
   - what does she/he think about ARVs for children?

   (Remember: it is important to listen to the caregiver's thoughts, opinions and feelings about the child's illness and potential treatment with ARVs before stating the 'facts' about HIV and ARVs).

7. Find out what the household routine is during the weekends as it affects the child and primary caregiver.

   Does the child stay somewhere else at weekends? Who is the primary caregiver on weekends? What time does the child wake up and have breakfast? Who sees to this? What is the evening household routine – supper, bedtime, what time does the child go to bed, etc?

   Emphasize the importance of establishing a routine (fixed time) around the daily activities at home in relation to children. It makes children feel safe when things happen at more or less the same time each day and treatment will be easier if there are other routines in place.

5. Vind uit wat die gesin se roetine gedurende die week is.

   Om watter tyd staan die kind soggens op om ontbyt te eet? Wie sien om na die kind se kos? Wat is die roetine saans vir aandete, slapenstyd ens.?

6. Vind uit wat die versorger dink oor die feit dat die kind met TRV-behandeling begin.

   - Wat glo hy/sy oor die kind se siekte?
   - Wat dink hy/sy oor TRV-middels vir kinders?

   (Onthou: Dit is belangrik om na die versorger se gedagtes, opinies en gevoelens oor die kind se siekte en die potensiële behandeling met TRV-middels te luister voordat die "feite" oor MIV en TRV-middels gestel word.)

7. Vind uit wat die gesin se roetine oor naweke is omdat dit beide die kind en die primêre versorger raak.

   Bly die kind dalk elders oor naweke? Wie is die primêre versorger oor naweke? Om watter tyd staan die kind op om ontbyt te eet? Wie sien na die kind se kos om? Wat is die huishouding se roetine saans met aandete, slapenstyd en slapenstyd vir die kind ens.?

   Benadruk die belangrikheid van die vasstelling van 'n roetine (vaste tye) vir kinders se daaglikse aktiwiteite by die huis. Kinders voel veilig as dinge op ongeveer dieselfde tyd elke dag gebeur en dit sal behandeling vergemaklik as daar reeds 'n roetine in plek is.

General HIV & AIDS knowledge and understanding

1. Explore the caregiver's understanding of how children become infected with HIV, provide correct information and correct any misconceptions.

   HIV infection can pass from a pregnant woman to her child either during pregnancy, birth or breast feeding (including "wet nursing": someone other than the mother of the child who breastfeeds the child). However, children who are sexually abused may be infected this way. Emphasize that HIV is a "germ" and not caused by witchcraft.

2. Discuss what HIV does to the body?

   White blood cells help to fight infections in the body. HIV destroys these white blood cells. The body is then less able to fight infections. This starts happening before a person with HIV actually feels sick. Later, the person will get many infections such as chest infections, skin infections, diarrhoea and TB. Eventually the body becomes so weak that it can no longer fight the infections and the person may die.

Algemene kennis en begrip van MIV en vigs

1. Verken die versorger se begrip van hoe kinders met MIV geïnfekteer word; voorsien die regte inligting en ruim enige misverstande uit die weg.

   Infeksie met MIV kan van 'n swanger vrou aan haar kind oorgedra word tydens swangerskap, geboorte of borsvoeding (insluitende van 'n "soogvrou", d.w.s. iemand anders as die moeder wat die kind borsvoed). Kinders wat seksueel misbruik word, kan ook so geïnfekteer word. Benadruk dat MIV 'n "kiem" is en nie veroorsaak word deur toordery nie.

2. Bespreek watter effek MIV op die liggaam het.

   Witbloedselle help om infeksies wat die liggaam aanval, af te weer. MIV vernietig hierdie witbloedselle. Die liggaam het dus verminderde weerstand om infeksies af te weer. Dit begin gebeur voordat 'n persoon met MIV werklik siek begin voel. Later ontwikkel die persoon verskeie infeksies soos bors- of velinfeksie, diarree en TB. Uiteindelik word die liggaam so verswak dat dit nie langer in staat is om infeksies te beveg nie en die persoon kan as gevolg hiervan sterf.

3. Discuss the difference between HIV infection & AIDS

   Explain that people living with HIV infection may look and feel completely well. HIV infection progresses in the body from stage 1, in which no physical problems are felt by the person, to AIDS, in which there may be repeated serious infections, loss of weight and other illnesses (stage 4). In adults, it may even take 5-10 years for HIV infection to progress to AIDS but children often progress to AIDS much more quickly. Antiretroviral treatment stops HIV infection from progressing to AIDS. HIV infection may be spread from one person to another through unprotected sex, or from mother to child, at any time after HIV infection has occurred.

4. Discuss testing and diagnosis of HIV infection in children

   Children with suspected HIV infection or children born to women who test positive for HIV during their pregnancy can be tested as early as 6-14 weeks of age. This needs a different test from the one used in older children and adults; it is called a PCR test. Blood is taken from the baby and tested for HIV. If the child tests HIV negative and the mother is still breastfeeding, the child will need to have another HIV test at least 6 weeks after stopping breastfeeding. If the child tests HIV positive, a CD4 count and viral load test can be done.

3. Bespreek die verskil tussen MIV-infeksie en vigs.

   Verduidelik dat mense met MIV-infeksie volkome gesond kan lyk en voel. MIV-infeksie ontwikkel geleidelik in die liggaam vanaf fase 1 waartydens geen fisiese probleme deur die persoon ervaar word nie, tot vigs waartydens die persoon herhaalde ernstige infeksies kan kry, gewigsverlies toon en aan verskeie siektes kan ly (fase 4). By volwassenes kan dit selfs vyf tot 10 jaar duur vir MIV-infeksie om te ontwikkel in vigs, maar by kinders vind die ontwikkeling in vigs dikwels baie vinniger plaas. Behandeling met TRV-middels voorkom dat MIV-infeksie ontwikkel in vigs. Enige tyd nadat MIV-infeksie plaasgevind het, kan dit van persoon tot persoon oorgedra word deur onbeskermde seks of van moeder tot kind.

4. Bespreek die toetsing en diagnose van MIV-infeksie by kinders.

   As daar vermoed word dat ’n kind met MIV geïnfekteer is of as die moeder tydens swangerskap positief getoets is vir MIV, kan ’n kind so jonk as ses tot 14 weke getoets word. Hierdie toets, bekend as ’n PCR-toets (polimerasekettingreaksietoets), verskil van die toets wat gebruik word vir ouer kinders en volwassenes. Bloed van die kind word getoets vir MIV. Indien die kind se toets MIV-negatief is, maar hy/sy steeds geborsvoed word, moet hy/sy nog ’n MIV toets ondergaan ten minste ses weke nadat borsvoeding gestaak is. Indien die kind MIV-positief is, word ’n CD4-lesing geneem en ’n virusladingtoets kan uitgevoer word.

4.1. Inform the caregiver about the need for routine blood taking once the child starts ARVs. This will only happen every 6 months. Reassure the caregiver that although it may be stressful to the child (and caregiver), it does not cause harm.

5. Discuss what a CD4 count is

A CD4 count is a blood test to show the strength of a person's immune system. A high count means that the immune system is still strong enough to fight most common illnesses. A low CD4 count means that the body's defence system is weakened and the body is open to many illnesses. This test will be repeated every 6 months during ARV treatment to check if the immune system is getting stronger again. Explain that the doctor will report the child's CD4 result in percentage. This is different to the result given in adults which is expressed in general numbers.

4.1. Lig die versorger in dat bloedtoetse gereeld gedoen sal moet word nadat die kind met TRV-behandeling begin het. Hierdie toetse vind sesmaandeliks plaas. Stel die versorger gerus dat, alhoewel dit vir die kind (en versorger) spanningsvol kan wees, dit geen kwaad kan doen nie.

5. Bespreek wat 'n CD4-lesing behels.

'n CD4-lesing is 'n bloedtoets wat die sterkte van 'n persoon se immuunstelsel toon. 'n Hoë CD4-lesing toon aan dat die immuunstelsel nog sterk genoeg is om meeste gewone siektes af te weer. 'n Lae CD4-lesing beteken dat die liggaam se verdedigingstelsel verswak is en die liggaam vatbaar vir verskeie siektes is. Hierdie toets word sesmaandeliks tydens TRV-behandeling herhaal om te bepaal of die immuunstelsel sterker word. Verduidelik dat die dokter die kind se CD4-lesing as 'n persentasie sal uitdruk. Dit verskil van volwassenes se resultate wat as 'n syfer uitgedruk word.

6. Discuss what a viral load is

A viral load is a blood test to show the amount of virus in the blood of a person with HIV infection. The viral load in children with HIV infection may be very high (millions of copies of virus in each teaspoon of blood) before antiretroviral treatment is started.

Successful treatment is able to bring down the amount of virus in the blood to a very low level - so low that the virus will not show up on the test (less than 50 copies of virus per millilitre of blood).

The treatment does not get rid of the virus completely but can stop the virus from making more copies of itself. This test will be repeated every 6 months during treatment.

7. Explore whether the caregiver understands that the child will be started on antiretroviral treatment and that this treatment is lifelong.

It is very important for the caregiver to understand that antiretroviral treatment does not cure the child of HIV infection but can keep the infection from getting worse and making the child weaker. Unlike many other treatments (such as for TB), ARV treatment must be continued for a person's whole life. If the treatment is given properly, the child can remain healthy for many years. If the treatment is stopped or not given to the child correctly, HIV infection will get worse and the child may become sicker and die.

6. Bespreek wat met 'n virusladingtoets bedoel word.

'n Virusladingtoets is 'n bloedtoets wat die hoeveelheid virus in die bloed van 'n persoon met MIV toon. Die virus-lading by kinders met MIV-infeksie kan baie hoog wees (miljoene kopieë van die virus kan in elke teelepel bloed wees) voordat TRV-behandeling begin.

Suksesvolle behandeling verlaag die hoeveelheid virus in die bloed tot 'n baie lae vlak: so laag dat die virus nie op die toets verskyn nie (minder as 50 kopieë van die virus per milliliter bloed).

Die behandeling verwyder nie die virus heeltemal nie, maar voorkom dat daar meer kopieë van die virus gemaak word. Die toets word sesmaandeliks tydens behandeling herhaal.

7. Verken of die versorger begryp dat die kind met TRV-behandeling gaan begin en dat hierdie behandeling lewenslank sal duur.

Dit is baie belangrik vir die versorger om te begryp dat TRV-behandeling nie die kind van MIV-infeksie sal genees nie, maar sal keer dat die infeksie vererger en die kind verswak. Anders as ander behandelings (soos vir TB) is TRV-behandeling lewenslank. Indien die behandeling korrek plaasvind, kan die kind vir baie jare gesond bly. Indien die behandeling gestaak word of nie behoorlik gevolg word nie, sal die MIV-infeksie vererger en die kind kan sieker word en sterf.

Notas

COUNSELLOR'S CHECKLIST

Session 1

Date: _____ Counsellor's Name: _____

Introduction to Health Care Team and functions

1. Introduce yourself and explain your role in the team.
2. Establish a basis for beginning to talk about the child starting ARVs.
   a. Ask about the child (name, age etc.)
   b. Enquire what the caregiver knows about the child's condition

Caregiver & household details

3. Who mainly looks after the child? . . . . . ☐
4. Who are all the people involved in caring for the child? . . . . . ☐
5. Who will be responsible for giving the medication? Who else? . . . . . ☐
6. Treatment assistant identified? . . . . . ☐
7. Who looks after the child during the day? . . . . . ☐
8. Household routine during the week . . . . . ☐
9. Household routine during the weekends . . . . . ☐

General HIV & AIDS knowledge and understanding

1. How children get HIV infection . . . . . ☐
2. What HIV does to the body . . . . . ☐
3. Difference between HIV infection & AIDS . . . . . ☐
4. Testing for HIV infection in children . . . . . ☐
5. CD4 counts . . . . . ☐
6. Viral loads . . . . . ☐
7. Lifelong antiretroviral treatment . . . . . ☐

BERADINGSKONTROLELYS

Sessie 1

Datum: _____ Naam van berader: _____

Bekendstelling van die gesondheidsorgspan en hul funksies

1. Stel jouself voor en verduidelik jou rol in die span.
2. Skep die basis vir 'n gesprek oor die kind se aanvang met TRV-behandeling.
   a. Vra uit oor die kind (naam, ouderdom ens.)
   b. Vra die versorger uit oor wat hy/sy van die kind se toestand weet.

Algemene kennis en begrip van MIV en vigs

3. Wie sien hoofsaaklik na die kind om? . . . . . ☐
4. Wie is al die mense wat betrokke is by die versorging van die kind? . ☐
5. Wie sal verantwoordelik wees om die medikasie toe te dien? . . . . . ☐

   Wie anders? . . . . . ☐
6. Is 'n behandelingsassistent geïdentifiseer? . . . . . ☐
7. Wie sien bedags na die kind om? . . . . . ☐
8. Roetine van die huishouding gedurende die week . . . . . ☐
9. Roetine van die huishouding oor naweke . . . . . ☐

Algemene kennis en begrip van MIV en vigs

1. Hoe kinders met MIV geïnfekteer word . . . . . ☐
2. Hoe MIV die liggaam aantas . . . . . ☐
3. Die verskil tussen MIV en vigs . . . . . ☐
4. Toetse vir MIV-infeksie by kinders . . . . . ☐
5. CD4-tellingtoets . . . . . ☐
6. Virusladingtoets . . . . . ☐
7. Lewenslange TRV-behandeling . . . . . ☐

Counselling session 2

Objectives

The two main objectives are:

a) to give the caregiver an understanding about ARV treatment in general
b) to discuss adherence to treatment.

It is important to listen to what the caregiver expects and fears about the treatment.

Antiretroviral treatment

1. Discuss when children with HIV infection will start ARVs.

   Antiretroviral treatment is only used when HIV infection has progressed to stage 3 or 4 or if the CD4 count is low. Some babies and children will already be in stage 3 or 4 when they first get sick and need to start treatment sooner than other children.

Before starting antiretroviral treatment, doctors and counsellors need to be sure that the caregiver:

- Understands and accepts that the child has HIV infection
- Has shown that they are able to bring the child to the clinic regularly for appointments.
- Is willing to take responsibility for giving medication to the child every day.
- Understands how to give the treatment correctly to the child and that the treatment is life-long.
- Has the opportunity to join a support group.

Beradingsessie 2

Doelwitte

Die twee hoofdoelwitte is:

a) Om vir die versorger 'n algemene begrip van TRV-behandeling te gee.
b) Om nakoming van die behandelingsvoorskrifte te bespreek.

Dit is belangrik om na die versorger se verwagtinge en vrese oor die behandeling te luister.

Teenretrovirale behandeling

1. Bespreek wanneer kinders met MIV-infeksie met TRV-behandeling begin.

   Teenretrovirale behandeling neem slegs 'n aanvang wanneer MIV-infeksie fase drie of fase vier bereik het en die CD4-lesing laag is. Sommige babatjies en kinders sal reeds fase drie of fase vier bereik het wanneer hulle vir die eerste keer siek word en hulle moet behandeling vroeër as ander kinders begin.

Voordat TRV-behandeling begin, moet dokters en beraders seker wees dat die versorger:

- Verstaan en aanvaar dat die kind geïnfekteer is met MIV.
- Betroubaar is om die kind gereeld vir afsprake na die kliniek te neem.
- Die verantwoordelikheid aanvaar om medikasie daagliks vir die kind te gee.
- Verstaan hoe om die behandeling korrek vir die kind te gee.
- Die geleentheid het om by 'n ondersteuningsgroep aan te sluit.

It is preferable that:

- The caregiver has at least begun the process of disclosure of the HIV status to the child in an age-appropriate manner.
- The caregiver has disclosed the HIV status of the child to someone else who is able to take care of the child and give the medicine if necessary (secondary caregiver).
- The caregiver has shown that they can give other medications to the child such as bactrim or TB drugs.
- The caregiver has also been tested for HIV infection. If the caregiver has HIV infection, he/she should know their CD4 count and be attending an HIV clinic.

2. Discuss how ARVs works against the virus

   Antiretroviral treatment can kill most of the HIV in the body but cannot cure the body from HIV completely. If the treatment is used correctly, the body's immune system becomes strong again and protects the person from most infections and diseases. There are many different ARVs but they work best when three or more ARVs are taken together. The three different ARVs work together so it's better to take all or none rather than some of the treatment. Missing doses of medicine or stopping any of the treatment will allow the HIV to grow in the body again.

Dit is verkiesbaar dat:

- Die versorger reeds begin het om die kind se MIV-status op ouderdoms-gepaste wyse aan hom/haar bekend te maak.
- Die versorger die kind se MIV-status aan iemand anders wat in staat is om die kind te versorg en medisyne aan hom/haar toe te dien (sekondêre versorger), bekend gemaak het.
- Die versorger gewys het dat hy/sy ander medikasie, soos Bactrim of TB-medisyne, aan die kind kan gee.
- Die versorger ook vir MIV-infeksie getoets is. Indien die versorger met MIV geïnfekteer is, moet hy/sy bewus wees van sy/haar CD4-telling en moet hy/sy 'n MIV-kliniek bywoon.

2. Bespreek hoe TRV-behandeling die virus teenwerk.

   TRV-behandeling kan die meeste MIV in die liggaam uitwis, maar dit kan nie die liggaam heeltemal van MIV genees nie. Indien die behandeling reg gevolg word, word die liggaam se immuun-stelsel versterk en word die persoon teen die meeste infeksies en siektes beskerm. Daar is verskeie TRV-middels, maar hulle werk die beste wanneer drie of meer saam geneem word. Drie verskillende TRV-middels werk saam; dit is beter om al drie te neem eerder as geen of net 'n gedeelte van die behandeling. As dosisse oorgeslaan word of as behandeling gestop word, kan die MIV-infeksie weer in die liggaam posvat.

Adherence to treatment

Adherence means ensuring that the child always gets the medication at the right time in the right dose as prescribed

Giving a child medication twice a day every day for months and years is a very big responsibility. At times, it may seem an impossible task and nobody can always achieve perfect adherence. One of the aims of this session is to try to allow caregivers to feel supported in the task of doing the best they can in treating their child.

1. Discuss the importance of adherence with the caregiver.

   ART does not cure HIV infection but keeps the virus level under control in the body. Therefore it is necessary to continue the treatment for the rest of the child's life. Over time, the virus is able to build up resistance to the ARVs and the treatment may no longer work well. The body may then become weak and develop AIDS. This can happen much more quickly if the medication is not given correctly or if even a few doses of medication are missed.

   At the moment, there are only two good ARV regimens (first-line and second-line) available to children and adults. The aim is to remain on the first-line regimen for as long as possible while it is able to keep the virus level under control. If the virus level is not under control, it may be

Nakoming van behandeling

Nakoming beteken die versekering dat die kind altyd sy/haar medikasie op die regte tyd en in die regte dosis soos voorgeskryf, kry.

Dit is 'n groot verantwoordelikheid om vir 'n kind twee maal per dag, elke dag vir maande en jare, medikasie te gee. By geleentheid mag dit na 'n onbegonne taak lyk en niemand kan perfekte nakoming behaal nie. Een van die doelwitte van hierdie sessie is om versorgers te ondersteun in hul taak om die kind so goed as moontlik te medikeer.

1. Bespreek die belangrikheid van nakoming met die versorger.

   TRV-behandeling genees nie MIV-infeksie nie, maar hou die vlak van |die virus in die liggaam onder beheer. Om hierdie rede is dit noodsaaklik om voort te gaan met behandeling vir die res van die kind se lewe. Mettertyd mag die virus weerstandig word teen TRV-middels en die huidige behandeling mag moontlik nie langer doeltreffend wees nie. Die liggaam kan vervolgens swak word en vigs kan ontwikkel. Hierdie proses kan baie vinniger plaasvind as die medikasie nie korrek toegedien word nie of as selfs 'n paar dosisse van die medikasie oorgeslaan word.

   Tans is daar slegs twee goeie TRV-behandelingsregimens (eerste lyn en tweede lyn) beskikbaar vir kinders en volwassenes. Die doelwit is om die eerste lyn-regimen vir so lank as moontlik te gebruik terwyl dit die virusvlak onder beheer hou. Indien die virusvlak nie onder beheer gehou

necessary to switch to three different ARV medications (second-line treatment).

2. Discuss things that help adherence

- **Caregiver self-care**: the caregiver should take care of his/ her own health and well-being. Caregivers who are also living with HIV infection should be attending an HIV clinic so that they can receive health care and treatment if necessary. For many caregivers, attending a support group is a helpful way to learn from others.

  Encourage the caregiver to know her/his HIV status. If HIV infected, she/he should go for monitoring of CD4 count if not in care.

- **Keeping a routine**: giving medication to the child should be built into the daily life of the family. It is easier to give it correctly if there is a regular routine at home e.g. the child wakes, eats, sleeps at a similar time each day etc.

kan word nie, mag dit nodig wees om drie verskillende TRV-middels (tweede lyn-behandelingsregimen) te begin gebruik.

2. Bespreek aspekte wat nakoming bevorder.

- **Selfsorg van die versorger:** Die versorger moet na sy/haar eie gesondheid en welstand omsien. Versorgers wat self met MIV geïnfekteer is, moet 'n MIV-kliniek besoek sodat hulle gesondheidsorg en behandeling kan ontvang indien nodig. Vir baie versorgers is deelname aan 'n ondersteuningsgroep 'n praktiese manier om van ander te leer.

  Moedig die versorger aan om sy/haar MIV-status vas te stel. Indien hy/sy met MIV geïnfekteer is, moet hy/sy vir 'n CD4-lesingtoets gaan as hy/sy nie reeds sorg ontvang nie.

